## Ps 74   Vryburg 18-20 April 2025

https://youtu.be/ITMegeDaBbY?si=l1I1mksPkAtVUvbd

Goeie more Gelofte Volksgenote.

Wat n voorreg om weer hier voor Vader te kan vergader op die plek wat Hy aan ons uitgewys het.

**Dankie aan elkeen wat wel die moeite gedoen het om hier te kan wees. Ons weet nie hoeveel keer ons nog so sal kan bymekaar kom nie.**

**Aan my is toegewys om met die Volk te praat oor Ps 74**

**Psa 74:1** ʻn Onderwysing van Asaf. o Elohim, waarom het U vir altyd verstoot? Waarom rook u toorn teen die skape van u weide?

Hierdie is weliswaar n vraag wat vandag nog ter sprake is. Dit voel vir ons asof JHWH ons verstoot op hierdie oomblik en dat sy toorn los is oor hierdie Volkie aan die suidpunt van Afrika oorkant die riviere van Kus. Hierdie Volk het so afvallig geword, ek gee die skuld grootliks aan die Kerke, want alles is mos nou toelaatbaar. Jy kan maar maak net wat jy wil solank jy net Jesus liefde het. Wat n klomp bog!!

Psa 74:2 Dink aan u vergadering wat U in die voortyd verwerf het, wat U verlos het om die stam van u erfdeel te wees, aan die berg Sion waar U op gewoon het.

Ja mag Vader asb dink aan die weinige paar behoudende Volksgenote wat nog aan hulle God vashou en weet waar hulle heil le.

Psa 74:3 Hef u voete op na die ewige puinhope: alles het die

vyand in die heiligdom verniel.

As ons nou, soos wat ons grootgeword het dat die plekke van aanbidding Vader se heilgdom is, Dan is daardie plekke nie net verniel nie, maar eintlik totaal vewoes. Daar is weinig instansies wat nog suiwer Woord verkondig.

Psa 74:4 U teëstanders het binne-in u vergaderplek gebrul; hulle het hul tekens as tekens gestel.

Wat sal ons huidiglik kan sien as hulle tekens? Sabbatte is verander, Feesdae word verag, Geloftes word nie nagekom nie, en so kan ons aangaan en aangaan. Ons kan maar net kyk na die lys van Volksondes.

Psa 74:5 Dit lyk soos wanneer iemand byle omhoog hef in ‘n digte plek bome.
Psa 74:6 En nou—die houtsnywerk daarvan het hulle alles met byl en hamers stukkend geslaan.
Psa 74:7 Hulle het u heiligdom aan die brand gesteek; tot die grond toe het hulle die woonplek van u Naam ontheilig.
Psa 74:8 Hulle het in hul hart gesê: Laat ons hulle almal saam onderdruk! Hulle het al die vergaderplekke van Elohim in die land verbrand.
Psa 74:9 Ons sien nie ons tekens nie; daar is geen profeet meer nie, en by ons is daar niemand wat weet hoe lank nie.

Wat n hartseer saak is dit nie en wat n erge aanklag dat daar geen profeet meer is nie. Niemand wat meer die stem van Vader hoor nie en ook nie meer n regering wat by n profeet moet hoor wat Vader vir die Volk wil se nie.
En dan nog ons wat Deur Raadpleging Vader se wil te wete kom, ook te minag. Enigeen wat die Raadpleging in twyfel trek, weet nie waarvan hulle praat nie.
Ek kan net twee voorbeelde noem wat met ons gebeur het tydens ons vergadering te bakoond Januarie , Conrad se onderwerp was 20 keer geraadpleeg voordat dit eers voor Vader

aanvaarbaar was. Op die vraag waar ons moet bymekaarkom, het ons eers na die dertiende plek die jawoord gekry. Enige wiskundige sal vir jou se dat dit wiskundig onmoontlik sou wees om soveel keer dieselfde antwoord te kan kry. Enigeen wat belangstel kan maar na die notule van daardie vergadering kom kyk

Psa 74:10 Hoe lank, o El, sal die teëstander smaad aandoen, sal die vyand u Naam vir altyd verag?
Psa 74:11 Waarom trek U u hand, ja, u regterhand, terug? Trek dit uit u boesem! Vernietig!

Ek dink elkeen van ons smag na daardie dag wat Vader Sy Hand uit die boesem sal trek om Sy teenstanders te vernietig. Dit sal verseker vir ons ook n vreesaanjaende tyd wees, Maar ons sal nie vrees nie. Ons het n Belofte dat Hy ons sal beskerm en bewaar. Want, Vers 12 se
Psa 74:12 Nogtans is YaHsHuaH my Koning van die voortyd af, wat verlossinge werk op die aarde.
Psa 74:13 U het deur u sterkte die see geklief; U het die koppe van die seemonsters op die waters verbreek.
Psa 74:14 U het die koppe van die Leviátan verbrysel; U het hom gegee as voedsel vir 'n volk—vir woestyndiere. Nou, ek het al baie gewonder wie en wat is die Leviatan. King James veduidelik as volg From H3867; a *wreathed* animal, that is, a *serpent* (especially the *crocodile* or some other large sea monster); figuratively the constellation of the *dragon*; also as a symbol of Babylon: - leviathan, mourning. So, ons kan dalk ook aflei dat dit Babilon is wat vernietig word.

Psa 74:15 U het fontein en stroom oopgeslaan; U het standhoudende riviere laat opdroog. En ook weer laat oorloop soos nou die geval is.

Psa 74:16 Aan U behoort die dag, aan U behoort ook die nag; U het hemelligte en son vasgestel.
Psa 74:17 U het al die grense van die aarde bepaal; somer en winter, U het hulle geformeer.
Psa 74:18 Dink hieraan: Die vyand het JHWH gesmaad, en ‘n dwase volk het u Naam verag.
Psa 74:19 Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie; vergeet nie vir altyd die lewe van u ellendiges nie.
Psa 74:20 Aanskou die verbond, want die donker plekke van die land is vol wonings van geweld.
Psa 74:21 Laat die verdrukte nie beskaamd terugkom nie; laat die ellendige en behoeftige u Naam prys.

Psa 74:22 Staan op, o Elohim, verdedig u saak; dink aan die smaad
wat U die hele dag aangedoen word deur ‘n dwaas.
Psa 74:23 Vergeet nie die geroep van u teëstanders nie—die rumoer van u opstandige vyande, wat altyddeur opgaan!

As ons die werled beskouing so bekyk dan is daar niemand wat hulle afhanklikheid van die Almagtige besef nie. Dit is enkelinge in hierdie wereld. Mag JHWH ons geroep en gekerm hoor hier waar ons voor Hom vergader. Hy het hierdie plek aangewys, Hy wil he dat ons hier moes wees, en daarom weet ons dat Hy hier teenwoordig is en ons aanhoor.

Ek wil graag die woorde van ‘n lied wat my na aan die hart lê vir julle voorlees

Kobus Botes